# Handleiding vir Herders

## Kinder-erediens



# Jesus se geheime tot geluk

Jesus se geheime tot geluk

Reeks om gelukkig te lewe

## Geheim 1
Afhanklikheid van God

## Geheim 2
Geseënd is die wat treur

## Geheim 3
Geseënd is die sagmoediges

## Geheim 4
Geseënd is hulle wat dors na wat reg is

## Geheim 5
Geseënd is die barmhartiges

## Geheim 6
Geseënd is die opregtes

## Geheim 7
Geseënd is die vredemakers

## Geheim 8
Geseënd is jy as jy vervolg word vir Jesus se onthalwe

"Hy wat in geluk glo, besit geluk."

Gebbel

Hierdie boekie vorm die basis van die kinderkerkmateriaal vir die veldtog oor Jesus se geheime tot geluk. Ons vertrou dat jy dit sinvol sal kan benut in jou eie bediening. Voel asseblief vry om dit aan te pas soos jy goed dink.

Jy sal sien dat elke les dieselfde patroon aanneem. Ek deel dus graag die filosofie wat agter die formaat sit:

**Lesdoelwit:** Hier kan jy elke week jou in 'n sin of twee verwittig van wat die beoogde uitkoms met die les is. Dit help jou om die les na 'n definitiewe punt te stuur.

**Lesinhoud:**

- Die lesinhoud bevat idees vir hoe jy die les in die groot groep kan aanbied.
- Tipies sal die lofprysing en ook al die ander sake in die groot groep aangebied word, waarna die kinders in kleiner groepies deel. Hier kan hulle kategeet/herder met hulle die les op 'n meer persoonlike vlak deurtrap.
- Hoewel die essensie van die les dieselfde vir al die kinders bly, probeer ons om ouderdomstoepaslike vrae te vra.

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- 'n Goeie idee is dat die herder telkens begin deur vir die kinders te vra om die verhaal wat in die groot groep aangebied is, vir die klassie oor te vertel.
- Die herder kan dan vrae oor die verhaal vra om Bybelkennis vas te lê maar ook om die beoogde lesdoelwit neer te lê.
- Ontwikkelingsielkunde leer ons dat vrae aan kinders in hierdie ouderdomsgroep meer begrip en inligting behoort te toets as abstrakte konsepte.
- Die vrae kan wel fokus op emosies (geluk, vrees, angs, woede) van karakters.

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Die herder kan net soos in die geval van die jonger kinders, vir die klassie vra om die verhaal vir hulle groepie oor te vertel.
- Ontwikkelingsielkunde leer ons dat vrae aan hierdie ouderdomsgroep insig of eie opinie kan begin toets.
- Vrae kan wegbeweeg van egosentrisme om te lei tot sensitiwiteit vir ander.

**Gebed**

Doen asseblief moeite om elkeen in die gebedstyd te betrek. Lê klem op die lekker en die maklik van gebed – en hou gebede letterlik een sinnetjie lank. Sodoende sal die kinders meer en meer voel hulle kan waag om ook voor ander te bid.

**Huiswerk**

Die doel van die huiswerk is om groter skakeling tussen die ouers en die kinders se geloofsbelewenisse te bewerk. Ons gee 'n eenvoudige vragie wat hulle kan bespreek – maar die doel daaragter is om die verskillende generasies met mekaar te verbind.

**Aktiwiteit:**

- Ons sluit telkens af met 'n hoogtepunt in die vorm van een of ander handaktiwiteit. Die aktiwiteite is fyn uitgedink om op 'n kreatiewe vlak die lessie weer visueel vas te lê.
- Die hulpbronne (soos afrolwerk) en instruksies vir die kunsaktiwiteit, kan jy by die http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk skakel vind, onder die opskrif "*Kindermateriaal*".

Geniet die reis!

# Geheim 1

# Afhanklikheid van God

**Lesdoelwit:** *Op die een vlak van die les wil ons vir die kinders leer dat ons die Here kan vertrou met elke aspek van ons lewe. Op 'n ander vlak wil ons vir hulle leer dat ons verlossing totaal en al afhang van Jesus. Ons is afhanklik van Hom om vir ons uitkoms te bring.*

**Teksgedeelte:** "**Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel**" (Matteus 5:3)

**Lesinhoud:**

- Ons gee 'n inleiding tot die reeks en behandel die eerste saligspreking in Matteus 5:3
- Om afhanklikheid van God te illustreer, behandel ons Josafat se dilemma in 2 Kronieke 20:1-30
- Skets kortliks weer die agtergrond van die verhaal soos ons dit in die huisgodsdiens weergegee het.
- Gebruik rollespel om die veldslag uit te beeld. Dit betrek lekker baie kinders!
- 'n Goeie geheuevers om vir die kinders te leer is 2 Kronieke 20:17 soos dit in die Nuwe Lewende Bybel verwoord word: "**Dit sal nie vir julle nodig wees om te veg nie. Neem julle posisies in, en staan dan en kyk na die oorwinning van die HERE. Moenie bang of moedeloos wees nie. Gaan môre soontoe, want die HERE is met julle!**" (2 Kronieke 20:17 NLV)
- Druk elke woord van die vers op 'n afsonderlike papier uit. Laat 'n lang ry kinders die papiere omhoog hou sodat die res van die kinders die vers kan lees. Neem met elke lees, 'n A4 papier weg sodat dit al moeiliker en moeiliker word om die vers te onthou. Hou dan 'n kompetisie tussen die seuns en dogters of tussen die verskillende klassies om te sien wie kan die vers die beste onthou.
- Beklemtoon Josafat se uitgelewerde posisie. Hy kon sy vertroue op niks en niemand anders plaas om hom van die oormag te red nie. Hy moes totaal en al afhanklik van God wees.
- Maak nou 'n sprong en bring die verhaal by Jesus uit: Sê byvoorbeeld dat ons in 'n soortgelyke posisie is. Ons weet ons kan nie onsself red nie. Niks en niemand anders kan ons red nie. Al wat ons kan doen is om ons vertroue op Jesus te plaas om ons te red. Net soos die Here die oorwinning gegee het en die volk nie 'n vinger kon verroer om God te "help" nie, net so bring Jesus ons verlossing en kan ons niks doen om sy voltooide werk aan te vul nie.

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Die vrae behoort meer begrip en inligting te toets as abstrakte konsepte.
- Vrae kan wel fokus op emosies (geluk, vrees, angs, woede) van karakters.
- Oor watter koning gaan hierdie verhaal?

- Kan jy onthou wie was die 3 lande wat teen Josafat wou kom oorlog maak?
- Nadat Josafat by die Here om hulp gepleit het, het Jagasiël na vore getreë en gesê hy het ‘n boodskap van die Here. Kan jy onthou wat het hy gesê moet Josafat doen?
- Toe Josafat-hulle die vyand tegemoet geloop het, het hy nie die soldate laat voor loop nie, maar ‘n ander groep mense. Dit was nogal vreemd. Kan jy onthou wie het hy laat voor loop?
- Wat dink jy leer dit vir ons oor die krag van lofprysing?
- Kan jy voorbeelde noem wanneer ons in ons lewens veronderstel is om die Here te vertrou en van Hom afhanklik te wees?

**<u>Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):</u>**

- Oor watter koning gaan hierdie verhaal?
- Kan jy onthou wie was die 3 lande wat teen Josafat wou kom oorlog maak?
- Wat dink jy sou met God se volk gebeur het as die Moabiete, Ammoniete en Meüniete gewen het?
- Hoe dink jy het dit God se volk laat voel toe hulle die oormag soldate gesien het?
- Nadat Josafat by die Here om hulp gepleit het, het Jagasiël na vore getreë en gesê hy het ‘n boodskap van die Here. Kan jy onthou wat het hy gesê moet Josafat doen?
- Toe Josafat-hulle die vyand tegemoet geloop het, het hy nie die soldate laat voor loop nie, maar ‘n ander groep mense. Dit was nogal vreemd. Kan jy onthou wie het hy laat voor loop?
- Hoekom dink jy het hy dit gedoen? Wat dink jy het hy daardeur probeer sê?
- Wat dink jy leer dit vir ons oor die krag van lofprysing?
- Kan jy voorbeelde noem wanneer ons in ons lewens veronderstel is om die Here te vertrou en van Hom afhanklik te wees?

**<u>Gebed</u>**

Gee vir elkeen in die groepie ‘n kans om vir die Here dankie te sê dat ons op Hom mag vertrou.

**<u>Huiswerk</u>**

Vra ‘n bietjie vir jou ouers dat hulle vir jou van ‘n keer in hulle lewe sal vertel toe hulle baie bang was en op die Here moes vertrou.

**<u>Aktiwiteit:</u>**

Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**<u>Benodighede:</u>**

Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.




## Aktiwiteit


- Daar is geen uitkoms sonder God nie.

## Benodigdhede

- Hout wasgoedpennetjie
- Rots (sien pdf) - Druk op karton
- Woordkaartjie (sien pdf). Druk op karton
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte

## Hoe maak ons?

- Kleur die rots en woordkaartjie in en versier soos jy lus het.
- Knip die rots en woordkaartjie uit.
- Sny die rots in die helfte, en plak die boonste helfte op die boonste deel van wasgoedpennetjie en maak so met die onderste deel ook.
- Plak die woordkaartjie op die onderste deel van die wasgoedpennetjie se agterkant (sien voorbeeld van vissie)
- Dus as jy die wasgoedpennetjie oopmaak gaan jy die woorde "God is my uitkoms" sien.



# Geheim 2

# Geseënd is die wat treur

**Lesdoelwit:**

*Die "treur" waarna Jesus verwys kan op 2 maniere geïnterpreteer word: Die een soort hartseer wat ons kan beleef, is vanweë dinge wat in ons lewens skeefloop. Ons besit die troos dat God self eendag ons trane sal afvee. Die ander soort hartseer wat ons kan beleef, is as ons diep onder die indruk kom van ons eie sonde. As iemand so tot inkeer kom, kan hy/sy ook verseker wees van God se troos en vergifnis.*

**Teksgedeelte:** **"Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word"** (Matteus 5:4)

**Lesinhoud:**

- Begin deur vir die groep te vra watter dinge 'n mens hartseer kan maak.
- Lei die gesprek tot die gevolgtrekking dat mens hartseer kan word oor verkeerde dinge wat aan jou gedoen word – en oor verkeerde dinge wat jý doen.
- Vra vir die groep wat dink hulle beteken Jesus se woorde in Matteus 5:4
- Vertel vir hulle dat ons 'n goeie voorbeeld in die Bybel het waar altwee soorte hartseer in een gedeelte voorkom.
- Lees dan saam Matteus 27:45-56.
- Lei hulle om raak te sien dat die soldaat hartseer was oor sy aandeel (sonde) in Jesus se kruisiging en dat die vrouens hartseer was oor iemand vir wie hulle lief was (Jesus) op 'n gruwelike manier gesterf het.
- Volgens oorlewering het die soldaat klaarblyklik tot bekering gekom en is hy later "Longinus" genoem (Wat spies beteken). Hy is vertroos oor die hartseer van sy sonde deurdat hy vergifnis van sonde ontvang het.
- Die vrouens is later vertroos deurdat hulle Jesus gesien opstaan het uit die dood.
- Daar is twee moontlike geheueverse wat gememoriseer kan word:
- "**Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid**."(1 Johannes 1:9)
- "**Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygaan**. (Openbaring 21:4)

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Daar is 'n hele rits vreemde verskynsels wat plaasgevind het toe Jesus sterf. Kan julle dit opnoem?
- Wat het die soldaat by Jesus se kruis gesê toe hy al hierdie dinge sien?
- Hoekom is dit belangrik dat ons oor ons sonde berou moet hê?
- Wie het op 'n afstand gestaan en toekyk hoe hulle vriend Jesus sterf?
- Hoe dink jy het die vrouens gevoel toe hulle sien hoe pynlik Jesus sterf?

- Wanneer/hoe is die vrouens vertroos?

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Hoekom het hulle vir Jesus suur wyn aangebied net voor Hy gesterf het?
- Daar is 'n hele rits vreemde verskynsels wat plaasgevind het toe Jesus sterf. Kan julle dit opnoem?
- Wat dink jy is die betekenis daarvan dat ander mense lewend geword het met Jesus se dood?
- Wat dink jy is die betekenis daarvan dat die voorhangsel van die tempel geskeur het?
- Wat het die soldaat by Jesus se kruis gesê toe hy al hierdie dinge sien?
- Hoe dink jy het hy gevoel oor die feit dat hy aandadig was aan Jesus se dood?
- Hoekom is dit belangrik dat ons oor ons sonde berou moet hê?
- Wie het op 'n afstand gestaan en toekyk hoe hulle vriend Jesus sterf?
- Hoe dink jy het die vrouens gevoel toe hulle sien hoe pynlik Jesus sterf?
- Wanneer/hoe is die vrouens vertroos?
- Op watter manier vind ons vertroosting vir ons hartseer?

**Gebed**

Kom ons vra die Here om ons te help om gepaste berou oor sondes te hê, maar ook om ons te help om ander te vertroos wat hartseer is.

**Huiswerk**

Vra 'n bietjie jou ouers wanneer hulle in hul lewens al baie hartseer was en wat het gemaak dat hulle deur daardie slegte tyd kon kom.

**Aktiwiteit:**


Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**Benodighede:**

Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

## Aktiwiteit

- By God is daar altyd vergifnis en liefde.
- Ons maak 'n behangsel wat jy in die huis of jou kamer kan hang om jou elke dag te herinner dat God vergeef want Hy is lief vir jou.




## Benodigdhede

- Lint
- Kruis (sien pdf) - Druk op karton
- Pyl (sien pdf) - Druk op karton
- Hart (sien pdf) - Druk op karton
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte

## Hoe maak ons?

- Versier die kruis, pyl en hart op enige manier.
- Plak die kruis, pyl en hart op die lint (spasieer uitmekaar)
- Skryf op kruis: GOD
- Skryf op hart: LIEFDE
- Maak 'n knoop bo-aan lint met 'n lissie effek sodat jy hom kan ophang êrens in die huis.

# Geheim 3

# Geseënd is die sagmoediges

**Lesdoelwit:** *Ons wil 'n goeie greep op die woord sagmoedigheid kry en raaksien dat dit nie nodig is om onsself altyd te laat geld nie.*

**Teksgedeelte:** "**Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang**" (Matteus 5:5)

**Lesinhoud:**

- Wys 'n prentjie van iemand in 'n deftige pak klere en vra die kinders wat hulle dink vandag nodig is om suksesvol te wees.
- Skets vir hulle wat die wêreld dink suksesvol is: arrogant, selfvoldaan, selfgerig
- Waarom klink Jesus se woorde van Matteus 5:5 so vreemd op die oor?
- Wat beteken die woord "sagmoedig"?
- Hierdie video mag dalk help... https://www.youtube.com/watch?v=LzHfTHzlaD8
- Sê dat ons 'n goeie voorbeeld in die Bybel besit waar iemand gekies het om sagmoedig op te tree. Vertel dan die verhaal van Genesis 13:1-18
- Lê klem op die feit dat Abram eintlik na regte die een moes wees wat gekies het. Tog staan hy terug en laat hy iemand anders toe om die beste deel te kies. Deels omdat hy goeie verhoudinge nastreef. Maar ook omdat hy nie sy vertroue in gunstige omstandighede plaas nie, maar in God.

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Wie was Abram?
- Wie was sy broerskind?
- Voor watter probleem het hierdie 2 families te staan gekom?
- Wat was die oplossing wat hulle bewerk het?
- Hoekom was Abram se optrede prysenswaardig?
- Wat het die Here toe vir Abram belowe?

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Wie was Abram?
- Wie was sy broerskind?
- Voor watter probleem het hierdie 2 families te staan gekom?
- Wat was die oplossing wat hulle bewerk het?
- Hoe dink jy het Abram gevoel toe Lot die beste deel gekies het?
- Hoekom was Abram se optrede prysenswaardig?
- Wat het die Here toe vir Abram belowe?
- Wat bedoel Jesus as Hy sê dat sagmoedige mense die "nuwe aarde" sal ontvang? (Rig die kind se verstaan daarop dat dit op die ewige lewe aandui en dat dit nie beteken ons in hierdie lewe outomaties ontvang dit wat ons dink ons toekom nie.)

**Gebed:**
Kom ons vra elkeen vir die Here in ons eie woorde om ons te help om nie arrogant en selfvoldaan deur die lewe te gaan nie.

**Huiswerk:**
Vra jou ouers om vir jou van 'n keer te vertel toe hulle teen hulle logika moes kies en besluit het om die Here te vertrou.

**Aktiwiteit:**
Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**Benodighede:**
Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

## Aktiwiteit


- Nogtans sorg die Here.
- Die kinders gaan 'n behangsel maak en versier tot die aller mooiste mooi. MAAR wat hulle nie weet nie (en dit moet asseblief nie vooraf bespreek word nie) is hulle gaan NA DIE TYD hulle kosbare kunswerk vir iemand anders in die klas gee.
- Die kinders gaan hulle "beste kunswerk" vir iemand anders gee SONDER DIE WETE dat hy/sy dit gemaak het vir iemand anders. Hy/sy gaan sy BESTE vir iemand anders moet gee.

## Benodigdhede

- 6 tong stokkies
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte
- Kleefband
- Vierkantige blokke (sien pdf) - Druk op karton
- Lint

## Hoe maak ons?

- Versier die stukkie papier en skryf die volgende woorde op die papier: "God sê... want Ek gee dit vir jou"
- Sit die 6 stokkies langs mekaar neer en heg met kleefband.
- Heg die lint weerskante vas aan die raamwerk van stokkies
- Plak die versierde papiertjie op die stokkie raamwerk se voorkant.






# Geheim 4

# Geseënd is hulle wat dors na wat reg is

**Lesdoelwit:** *Ons wil die gedagte tuisbring dat Christene daarop uit is om hulle vir geregtigheid te beywer. Ons veg nie vir ons eie regte nie, maar staan op teen die verwaarlosing, mishandeling of onregverdige behandeling van mense, diere en die natuur.*

**Teksgedeelte:** "**Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word**" (Matteus 5:6)

**Lesinhoud:**

- Begin met 'n videogreep van Popeye waar hy sy bekende uitdrukking gebruik: "I can't stands it no more!"
- Verskeie uittreksels daarvan is beskikbaar op YouTube.
- Maak die aanknopingspunt met Jesus se woorde van Matt 5:6 om te "honger en dors" na wat reg is.
- Tref egter die onderskeid dat ons as Christene nie daarop uit is om op ons perdjie te spring vir wanneer mense met ons lelik maak nie. Dit is vir ons veel eerder van belang wanneer ander mense benadeel word.
- Vra vir die groep wat dink hulle bedoel Jesus met die woorde dat hulle "versadig" sal word – en begelei hulle om te sien dat hoewel ons soms deurbrake vir geregtigheid hier op aarde gaan sien, gaan die grootste deurbraak eers in die hemel te siene wees.
- Een voorbeeld in die Bybel waar iemand net soos Popeye gehonger en gedors het na geregtigheid, was in Genesis 14:1-20.
- Vertel die verhaal dramaties en laat hulle dit selfs uitspeel.

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Hoekom is Lot ontvoer?
- Wat het Abram gedoen toe hy van Lot se ontvoering hoor?
- Wie was die vreemde man wat Abram oppad terug ontmoet het?
- Wat leer ons uit Abram se dapperheid?

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Hoekom is Lot ontvoer?
- Hoe dink jy het Lot gevoel toe hy ontvoer is?
- Wat het Abram gedoen toe hy van Lot se ontvoering hoor?
- Watter emosies dink jy het Abram alles gevoel toe hy hierdie nuus hoor en besluit om te gaan help?

- Wie was die vreemde man wat Abram oppad terug ontmoet het?
- Wat leer ons uit Abram se dapperheid?

**Gebed:**

Kom ons elkeen stel onsself tot die Here se beskikking en sê vir Hom dat ons bereid is om ons gewildheid en gemak op te offer as Hy ons wil gebruik om op te staan teen byvoorbeeld boelies of ander mense wat verkeerd optree.

**Huiswerk:**

Vra jou ouers om vir jou van 'n keer te vertel toe hulle vir iemand anders opgestaan het wat geboelie of gespot is.

**Aktiwiteit:**

Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**Benodighede:**


Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

# Aktiwiteit

- God beskerm jou altyd en beloon groot.
- Soms het ons nodig om ons gemaksone te verlaat en dan is dit belangrik om te onthou dat God ons toerus met ‘n wapenrusting vir tye waar ons bang is of onseker voel omrede ons uit ons gemaksone moet beweeg.
- Verlaat dus jou gemaksone met die wete dat God jou wapenrusting is.

# Benodigdhede

- 1 tong stokkie
- Soldaat (sien pdf)
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte



## Hoe maak ons?

- Versier die wapenrusting
- Knip elke stuk uit van die mannetjie. Verleen asseblief hulp met die uitknip want dit is ‘n fyn werkie by sommige van die prentjies
- Gebruik die stokkie as basis om die mannetjie op vas te plak.

# Geheim 5

# Geseënd is die barmhartiges

**Lesdoelwit:** *Ons wil barmhartigheid aan ander betoon omdat barmhartigheid aan ons bewys is deur die versoeningswerk van Jesus Christus.*

**Teksgedeelte:** "**Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word**" (Matteus 5:7).

**Lesinhoud:**

- Verduidelik dat barmhartigheid 'n gesindheid is wat jou in staat stel om ander mense wat in nood is, raak te sien en uit te help.
- In kort beteken dit eintlik dat ons genade aan mense betoon.
- As inleiding kan hierdie YouTube video gebruik word om gesprek los te maak: https://www.youtube.com/watch?v=cZGghmwUcbQ
- Soos in elke ander saligspreking, word die belofte eintlik eers volmaak in die hemel vervul.
- Ons ontvang dus uiteindelik weer barmhartigheid van God in die ewige lewe. Tog gaan Jesus se woorde soms reeds in hierdie lewe in vervulling.
- 'n Bybelse voorbeeld waar barmhartigheid beantwoord is met barmhartigheid vind ons in 1 Samuel 25:1-38.
- Sluit af met hierdie YouTube video om te onderstreep dat ons barmhartigheid aan ander betoon omdat barmhartigheid aan ons bewys is deur Jesus. https://www.youtube.com/watch?v=npaZ0ez1080

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Wat was die naam van die man wat nie vir Dawid wou help nie, en wat het sy naam beteken?
- Wat het Dawid toe besluit om te doen?
- Watter plan het Nabal se vrou, Abigajil, gemaak?
- Hoe het Dawid gereageer op Abigajil se geskenk van vrede?
- Op watter manier word Jesus se woorde van Matteus 5:7 in hierdie verhaal bewaarheid?

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Wat was die naam van die man wat nie vir Dawid wou help nie, en wat het sy naam beteken?
- Waarom dink jy wou Nabal nie vir Dawid en sy manskappe kos gee nie?
- Wat het Dawid toe besluit om te doen?
- Dink jy dit was 'n goeie besluit?
- Watter plan het Nabal se vrou, Abigajil, gemaak?
- Hoe het Dawid gereageer op Abigajil se geskenk van vrede?
- Dink jy dit was 'n goeie besluit?

- Hoeveel voorbeelde van barmhartigheid tel jy in hierdie verhaal? (*3=Dawid en sy manskappe pas ongevraagd Nabal se werkers en skape op; Abigajil gee kos vir Dawid en sy manskappe; Dawid vergewe die onreg en laat Nabal en Abigajil lewe*).
- Op watter manier word Jesus se woorde van Matteus 5:7 in hierdie verhaal bewaarheid?
- Wat dink jy leer ons in hierdie verhaal oor barmhartigheid?

**Gebed:**
Kom ons vra die Here om ons te help om mense raak te sien teenoor wie ons barmhartig kan wees.

**Huiswerk:**
Vra jou ouers om vir jou van 'n keer te vertel toe iemand aan hulle genade bewys het.

**Aktiwiteit:**
Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**Benodighede:**
Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

## Aktiwiteit


- Barmhartigheid is ‘n liefdesdaad.
- Die kinders gaan kans kry om neer te skryf wat barmhartigheid is. Wat kan hulle doen vir ander sonder om iets terug te verwag.
- Dinge soos; gee drukkies, dra mamma se inkopie sakke, help by die huis ens.

## Benodigdhede

- 2 papierborde
- Ronde sirkels (sien pdf) - Druk op karton
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte
- Kramdrukker

Hoe maak ons?

- Skryf op die sirkels die dade neer en knip hulle uit
- Versier die kleiner sirkels
- Vat die 1 papierbord en trek ‘n groot sirkel op hom in die binnekant. Knip hom ¾ uit sodat die een deel nog geheg is aan die papierbord. Hy gaan dus soos ‘n deurtjie oop en toe flap
- Dop hom om en skryf “WWJD?” op die deurtjie.  (Verduidelik aan die kinders die WWJD — What would Jesus Do)
- Versier die papierbord en deurtjie
- Vat nou die omgedopte versierde papierbord, plaas hom direk (onderste bo dus) bo-op die ander papierbord en maak hom vas met die kramdrukker reg rondom.
- Maak seker jou 2 borde vorm dus ‘n “dop” en die deurtjie maak na buite oop, en jou versierde kant wys na bo.
- Jy het dus nou ‘n “dop” met ‘n deurtjie wat oop en toe kan maak.
- Vat jou sirkels met die geskryfde dade op en gooi hulle in jou “dop”
- Moedig die kinders aan om vorentoe in die toekoms, elke keer wat hulle ‘n barmhartige daad doen, dit neer te skryf en in die “dop” te gooi.



# Geheim 6

# Geseënd is die opregtes

**Lesdoelwit:** Ons wil die gedagte tuisbring dat ons net soos Moses 'n vriendskapsverhouding met die Here mag hê – meer so om die waarheid te sê, want Jesus het ons geheilig. As ons in so 'n vrymoedige verhouding met God leef, sal ons Hom elke dag spreekwoordelik ook meer en meer "sien".

**Teksgedeelte:** "**Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien**" (Matteus 5:8)

**Lesinhoud:**

- Klaar enige onduidelikhede op oor wat Jesus bedoel het met die uitdrukking "rein van hart".
- Wys weereens daarop dat die belofte om God te "sien" eers in die hemel ten volle vervul sal word. Ons wat God in hierdie lewe opreg soek, kan weet dat ons Hom eendag heeltemal sal sien.
- Intussen sien ons flitse van God. Ons sien die natuur wat Hy gemaak het. Ons sien liefde tussen mense wat Hy gemaak het ens ens.
- Een voorbeeld van iemand in die Bybel wat opreg na God gesoek het, en werklik God *gesien* het, is Moses.
- Ons lees hiervan in Eksodus 33:7-23
- Verduidelik dat God se volk eers vir Hom aanbid het in die "tent van ontmoeting". Toe sy volk klaar deur die woestyn getrek het, is die tydelike tent van ontmoeting opgevolg met die meer permanente tempel.
- Begelei die kinders om te verstaan dat ons liggaam nou God se huis is, en nie die kerkgebou nie. Die kerkgebou is die ekwivalent van die Joodse sinagoge waar lering gegee is. Die tempel was die plek waar God gewoon het.
- Vandag woon God ín ons en kan ons in nog 'n dieper verhouding met Hom leef as wat Moses geleef het, omdat God deur sy Gees in ons woon.

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Het die Israeliete 'n gebou gehad waarin hulle God aanbid het terwyl hulle deur die woestyn getrek het? Wat het hulle gebruik? Kan jy onthou wat was dit genoem?
- Wat lees ons in die Bybel was baie opvallend van Moses se verhouding met die Here?
- Wat was besonders aan Moses se versoek om God te sien?
- Eers was dit die "tent van ontmoeting". Toe is dit die tempel. Wat het die tempel as "gebou van God" opgevolg? Wat dink jy kan ons leer uit Moses se verhouding met die Here?

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Het die Israeliete 'n gebou gehad waarin hulle God aanbid het terwyl hulle deur die woestyn getrek het? Wat het hulle gebruik? Kan jy onthou wat was dit genoem?

- Waarom het hulle ‘n tent gebruik?
- Wat lees ons in die Bybel was baie opvallend van Moses se verhouding met die Here?
- Klink dit vir jou aanloklik om die Here as vriend te hê?
- Wat was besonders aan Moses se versoek om God te sien?
- Waarom het mense gesterf as hulle vir God sien?
- Wat dink jy vertel die feit dat God aan Moses se versoek gehoor gegee het, vir ons van God se begeerte om geken te word?
- Hoe kan ons met God in verhouding staan?

**Gebed:**
Kom ons gee elkeen vandag kans om in jou eie woorde te sê dat jy vir God lief is.

**Huiswerk:**
Vra jou ouers om vir jou te vertel van ‘n keer wat hulle die naaste aan God gevoel het.

**Aktiwiteit:**
Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**Benodighede:**
Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

## Aktiwiteit


- Die Here is ons Vriend
- Ons gaan ons eie klein "graffiti" muur maak wat die kinders herinner dat God ons Vriend ook is. Ons kan Hom nader as 'n vriend met alles.


## Benodigdhede

- 6 tong stokkies
- Hart (sien pdf) - Druk op karton
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte
- Kleefband
- Vierkantige blokkie (sien pdf) - Druk op karton

## Hoe maak ons?

- Versier die stukkie papier met woorde dat God ons vriend is en dat ons altyd met Hom kan praat oor alles.
- Sit die 6 stokkies langs mekaar neer en heg met kleefband.
- Plak die versierde papiertjie op die stokkie raamwerk se voorkant.



# Geheim 7

# Geseënd is die vredemakers

**Lesdoelwit:** *Vandag wil ons die gedagte tuisbring dat om vrede te kies, die dapper weg is.*

**Teksgedeelte:** **"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."** (Matteus 5:9)

**Lesinhoud:**

- Begin met hierdie videogreep uit die fliek "Friendly Persuasion" wat handel oor die Amerikaanse burgeroorlog toe broer teen broer geveg het.
- Laat die groep oorvertel wat hulle gesien het: https://www.youtube.com/watch?v=0XUwKB3cwiY
- Vra vir die groep waarom dink hulle het die man genade betoon aan die moordenaar van sy vriend? Begelei hulle om te sien dat om twis met twis te antwoord geen uitweg bring nie. Die oplossing het gekom toe een man vir vrede gekies het.
- Vertel hulle dat Jesus ons oproep om hierdie weg te kies: "***Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word***" (Matteus 5:9)
- Verduidelik weer dat die belofte eers ten volle in vervulling gaan wanneer ons in die hemel is. Eers in die ewige lewe sal elkeen van God se vredemakers hoor dat hulle God se kinders is. Intussen mag sommige dit dalk hier op aarde hoor, maar baie ander gaan geminag en gespot word.
- Die interessantheid van vredemakers is dat hulle dikwels juis konflik moet aangaan om vrede te bewerk.
- Daar is 'n verskil tussen 'n vredebewaarder en 'n vredemaker.
- 'n Vredebewaarder is iemand wat konflik vermy ten alle koste. 'n Vredemaker is bereid om moeilike gesprekke aan te knoop in die hoop dat daar dieper vrede kan aanbreek.
- Een voorbeeld in die Bybel van 'n vredemaker, vind ons in 2 Samuel 12:1-13

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):**

- Wat het Dawid met Urija gedoen en hoekom?
- Wie was Natan en hoekom het hy gedoen wat hy gedoen het?
- Watter slim plan het Natan gemaak om die koning op sy sonde te wys?
- Wat was die koning se reaksie op Natan se gesprek?
- Sou jy sê daar het weer vrede tussen God en Dawid ingetree?
- Wat leer ons by Natan?

**Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):**

- Wat het Dawid met Urija gedoen en hoekom?
- Wie was Natan en hoekom het hy gedoen wat hy gedoen het?
- Hoe dink jy het Natan gevoel toe hy die koning moes gaan konfronteer oor sy sonde? Het jy al ooit so gevoel?

- Watter slim plan het Natan gemaak om die koning op sy sonde te wys?
- Wat leer ons by Natan oor sy aanslag om ‘n voorbeeldverhaal te gebruik?
- Wat was die koning se reaksie op Natan se gesprek?
- Sou jy sê daar het weer vrede tussen God en Dawid ingetree?
- Wat leer ons by Natan?

**Gebed:**
Kom ons vra die Here om ons as vredemakers te gebruik. Soms om mense te help in hulle verhouding met God – ander kere om mense te help in hulle verhouding met ander.

**Huiswerk;**
Vra jou ouers om vir jou van ‘n keer in hulle lewe te vertel toe hulle vrede moes maak tussen mense.

**Aktiwiteit:**
Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**Benodighede:**
Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/ Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

## Aktiwiteit


- Daar is 'n verskil tussen 'n Vredemaker en 'n Vrede-bewaarder.
- Die kinders gaan 'n "deur behangsel" maak wat sê "Ek is 'n vredemaker"
- Die "behangsel" moet dan aan hulle kamer deur by die huis hang, sodat hulle elke dag hierdie woorde kan lees, en besef dat ons moet Vredemakers wees vir Jesus.

## Benodigdhede

- Deurbehangsel (sien pdf) - Druk op karton
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte

Hoe maak ons?

- Versier die karton behangsel en skryf die woorde "Ek is 'n vredemaker" op die voorkant.
- Knip hom uit.



# Geheim 8

# Geseënd is jy as jy vervolg word vir Jesus se onthalwe

**<u>Lesdoelwit:</u>** *Om bewusmaking te kweek van die vervolgde Kerk regoor die wêreld en om ook te besef dat vervolging in ons land plaasvind – weliswaar op 'n meer subtiele manier soos verstoting, isolering en spot.*

**<u>Teksgedeelte:</u> "Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. [12]Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."**
(Matteus 5:10-12)

**<u>Lesinhoud:</u>**

- Kies enige een van "International Christian Concern" se YouTube video's om as gespreksinleiding te dien. Vind die video's hier: https://www.youtube.com/user/iChristianConcern/videos
- Praat oor van die roerende beelde wat julle sien en hoe dit julle laat voel.
- Hoe vergelyk die vervolging wat hierdie Christene beleef teenoor dit wat ons beleef?
- Dink jy ons beleef vervolging? Indien wel, watter vorme neem dit aan?
- (Maak seker dat jy die onderskeid duidelik tref tussen om vervolg te word uitsluitlik omdat jy 'n Christen is – en dat dit nie dieselfde is as om bloot teenkanting te kry omdat mense dalk nie van jou geaardheid hou nie.)
- Praat dan oor die woorde van Jesus in Matteus 5:10-12.
- Lê weer klem daarop dat die belofte om die koninkryk in ontvangs te neem – soos in elke ander saligspreking – eers ten volle in vervulling gaan met die wederkoms.
- Intussen kan ons verwag om vervolg te word – inteendeel, wanneer ons nooit enige vorm van vervolging beleef nie, kan ons goedskiks onsself die vraag afvra of ons Jesus radikaal genoeg volg.
- Een van die Bybelse voorbeelde van iemand wat vervolg is oor sy volgelingskap van Jesus, vind ons in *Handelinge 7:54-8:3.*

**<u>Vrae vir kleingroepbespreking (graad 1-3):</u>**

- Wie was die heel eerste "martelaar" van wie ons in die Bybel lees?
- Op watter maniere word mense vandag vervolg in die wêreld?
- Op watter manier word mense vandag in Suid Afrika vervolg vir hulle geloof in Jesus?
- Waarom het die Joodse Raad vir Stefanus gestenig?
- Wat is aangrypend van Stefanus se sterwensgebed?

- Wie was ook deel van die skare wat vir Stefanus gestenig het?

**<u>Vrae vir kleingroepbespreking (graad 4-6):</u>**

- Wie was die heel eerste “martelaar” van wie ons in die Bybel lees?
- Op watter maniere word mense vandag vervolg in die wêreld?
- Op watter manier word mense vandag in Suid Afrika vervolg vir hulle geloof in Jesus?
- Waarom het die Joodse Raad vir Stefanus gestenig?
- Wat is aangrypend van Stefanus se sterwensgebed?
- Wie was ook deel van die skare wat vir Stefanus gestenig het?
- As Saulus later tot bekering kon kom, wat sê dit vir ons hoe ons na ons vervolgers moet kyk?
- Hoe dink jy voel ‘n mens as jy weet jy gaan moeilikheid optel omdat jy ‘n navolger van Jesus is?
- Wat dink jy kan mens doen in ‘n tyd van vervolging om dit draaglik te maak?

**<u>Gebed:</u>**

Kom ons bid vandag vir medegelowiges regoor die wêreld wat vervolging beleef.

**<u>Huiswerk:</u>**

Vra jou ouers om vir jou van ‘n keer in hulle lewe te vertel toe hulle opgestaan het vir hulle geloof in Jesus, en toe teenkanting beleef het.

**<u>Aktiwiteit:</u>**

Sien volgende bladsy vir voorgestelde aktiwiteit, asook instruksies om dit te maak. Die lys van benodighede is ook hier, neem dit gerus saam as dit nie deur jou gemeente voorsien word nie. Geniet hierdie kreatiewe oomblik om die lessie vir die kinders aan die hart te knoop.

**<u>Benodighede:</u>**

Die A4 voorbeelde van die aktiwiteite is beskikbaar by:
<u>http://ngwitrivier.co.za/jesus-se-geheime-tot-geluk/</u> Druk gerus vir elke kind om te gebruik.

## Aktiwiteit

- Kinders gaan video clips kyk en lande sien en leer ken wat vervolg word.

## Benodigdhede

- 2 hande (sien pdf) - Druk op karton
- Gom
- Skêr
- Inkleurpotlode / kryte
- Klein blokkies (sien pdf) - Druk op karton

Hoe maak ons?

- Skryf op elke vinger 'n land of naam vir wie jy gaan bid wat vervolg word.
- Skryf op die kleiner vierkantige blokkie die woorde "Mense en hande vir wie ek bid"
- Plak die vierkantige blokkie bo-oor die 2 duime (in binnekant waar jy geskryf het) MAAR maak seker die hande pas direk oormekaar laat dit dus soos 'n boekie oop en toe vou by die duime.
- Maak die handjies toe en versier dan die voorkant van die hand boekie.

